

**Dinsdag 22 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6-16 | Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:10**

**Wedergeboorte – Goddelike wysheid deur die Gees aan onkundige mense**

Op elke terrein van die lewe kry jy mense wat hoogmoedig raak oor die kennis wat hulle van 'n saak het. Op die geestelike terrein is daar ook mense wat so hoogmoedig word. In die eerste eeu was daar al mense wat gesê het net die uitgesoektes of ingewydes kan die diepere kennis van godsdienstige waarhede ontdek.

Vandag is daar steeds sulke mense wat verskeie dwalings aanhang en meen dit is diepere kennis van die waarheid. Ongelowiges kan ook hoogmoedig wees, omdat dit vir hulle onsinnig is om in 'n God te glo wat jy nie kan sien nie en in 'n Jesus wat gekruisig is.

Dit is nie nodig dat ware gelowiges minderwaardig voel oor hierdie mense wat sogenaamde kennis het nie. Geen mens is in staat om vanself die evangelie van Jesus Christus te begryp nie. Die Heilige Gees gee net aan die wedergebore mens die vermoë om die geopenbaarde waarhede aangaande Christus te begryp.

Tydens die wedergeboorte open die Gees 'n mens se oë en ore sodat jy vir die eerste keer regtig kan sien en hoor. Hy verlig die mens se verstand sodat hy vir die eerste keer regtig kan insien – Jesus van Nasaret is regtig die beloofde Messias wat moes sterf aan 'n kruis. Só, het God al voor die skepping besluit, sal mense van hulle sondes verlos word. Die Heilige Gees moes ook eers die skille van Paulus se oë afhaal om die geheimenis wat in die Ou Testament geskryf staan, te verstaan.

As die Heilige Gees jou die vermoë gegee het om die evangelie te hoor en te glo, dank Hom daarvoor. En bid dat die Here dit ook aan nog mense sal doen. Net Hy kan 'n mens dit laat verstaan.

*Sing: Skrifberyming 17-2:1, 3, 4*

*Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)*